

Keurig versorgde herinneringskrif

WILHELM J. VERWOERD (samesteller), *Verwoerd: só onthou ons hom*

Protea Boekhuis, Pretoria, 2001

256 bladsye

ISBN 1-919825-64-9

Prys: R89,95

Hierdie boek met bydraes deur 26 persone wat Suid-Afrika se eerste minister van 1958 tot 1966, dr. H.F. Verwoerd, persoonlik geken het, is uitgegee om saam te val met die honderdste herdenking van sy geboortedag (8 September 1901). Verwoerd se oudste seun, Wilhelm Verwoerd, het die inisiatief geneem met die samestelling van die bundel en die meeste van die bydraes is onderhoude wat deur hom op band opgeneem en geredigeer is. Die inleidende hoofstuk, deur die Port Elizabethse historikus H.O. Terblanche, bevat 'n biografiese skets van ongeveer 20 bladsye. Daarna volg daar 'n afdeling met bydraes deur Verwoerd se familieleden, naamlik sy suster, eggenote en sewe kinders. Afdeling twee bevat tien hoofstukke met herinneringe van persone wat op politieke vlak of as staatsamptenare met Verwoerd saamgewerk het, onder wie bekendes soos oudminister S.P. Botha, adv. D.P. de Villiers en prof. W.A. Kleynhans. In die laaste afdeling word sewe bydraes saamgevat van mense wat op meer persoonlike vlak met hom kontak gehad het, soos die sangeres Mimi Coertse, die privaatsekretarisse Fred Barnard en Annatjie Boshoff, en W.A. Dyason, hoof van die huishouding by Groote Schuur.

'n Herinneringsgeskrif is 'n waardevolle bron vir die historikus. Behalwe vir twee van die onderhoude is die herinneringe egter dertig tot sestig jaar na die gebeure waarvoor daar gehandel word, opgeteken. Dit bring onvermydelik mee dat 'n wetenskaplike historikus baie versigtig en krities daarmee sal moet omgaan. Soos in die geval van 'n herinneringsgeskrif verwag kan word, is die persone wat in hierdie werk aan die woord is, mense wat Verwoerd veral in 'n positiewe lig sien of in elk geval die positiewe aspekte van hul herinneringe aan hom op die voorgrond plaas. Dit neem nie weg nie dat die boek vir diegene wat belangstel in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en/of self die Verwoerd-era beleef het, 'n baie aangename leeservaring is, veral ook oor die interessante anekdotes wat oor Verwoerd vertel word. Vir jonger mense, wat nie so goed met hierdie periode vertrou is nie, mag die boek minder interessant wees. In hierdie opig vervul die hoofstuk deur Terblanche 'n belangrike funksie. Dit bevat 'n goed gebalanseerde oorsig van sy loopbaan en veral van sy optrede as minister van Naurellesake en as eerste minister, wat die nodige agtergrond bied om sake waarna ander skrywers verwys, in 'n breër konteks te plaas.

Aangesien die skrywers feitlik almal mense is wat persoonlik met Verwoerd te doen gekry het, val die klem in die boek hoofsaaklik op sy persoonlikheid. Geen van die skrywers bespreek sy politieke beleid of sy optrede in besondere sake in detail nie. Al die getuienisse versterk die algemene beeld wat reeds van Verwoerd bestaan, naamlik dat hy 'n intellektuele reus was (naas Smuts seker die regeringshoof met die skerpste intellek wat die land tot dusver gehad het) wat ook groot insig in praktiese politieke sake gehad het. Met sy sterk persoonlikheid en sy vermoë om vinnig tot die kern van sake deur te dring en sy standpunt helder en duidelik te stel, het hy ander politieke leiers in sy land totaal oorskadu. Dit weer het meegebring dat hy in die agt jaar van sy bewind beslis 'n eie stempel op die ontwikkeling van die land kon plaas. Verwoerd was ongetwyfeld ook 'n man van groot integriteit. Verskeie van die skrywers vertel dat hy vir die kleinste dingetjie wat nie direk met sy amptelike werk te make gehad het nie self betaal het en ook waar dit belastingbetalers se geld raak, onnodige uitgawes probeer vermy het. Dit is baie onwaarskynlik dat 'n toekomstige skrywer feite sal opdiep dat hy ooit by enige vorm van korrupsie betrokke was. Oor sy werksvermoë en deeglikheid, en ook oor sy wellewendheid en bedagsaamheid in sy omgang met mense, veral ook sy ondergeskiktes, word daar verder heelwat vertel.

Sommige opmerkings oor sy politieke beleid en visie sal toekomstige Verwoerdbiografiese interesseer. Volgens sy seun Daniël het hy nie die moontlikheid uitgesluit dat 'n swart regering eendag aan bewind kan kom nie (p. 77), terwyl mnr. Giles van der Wall, 'n vroeëre direkteur-generaal van die departement Samewerking en Ontwikkeling, vertel dat, in antwoord op vrae oor die noodsaaklikheid van universiteitsopleiding vir swartmense, Verwoerd gesê het dat daar in die toekoms met swart leiers onderhandel sal moet word en dat dit beter sal weesom met opgeleide mense te kan onderhandel (p. 166). Volgens dr. Brand Fourie, gewese direkteur-generaal van Buitelandse Sake, het Verwoerd hom in 'n persoonlik gesprek meegedeel dat die kleurlinge se politieke toekoms saam met dié van die blanke is (p. 132).

'n Vraag wat steeds by 'n mens opkom as daar oor Verwoerd se besondere intellek en insig in politieke ontwikkelinge geskryf word, is hoe hy so vas oortuig daarvan kon wees dat die apartheidsbeleid (of afsonderlike ontwikkeling, soos hy verkies het om daarna te verwys) in die beste belang van die land en ook van die blanke was. Gedurende sy bewindsjare het baie groot bevolkingsgroei, gepaardgaande met steeds toenemende verstedeliking, reeds as 'n algemene verskynsel in die ontwikkelende lande na vore gekom en was dit duidelik dat die ontwikkeling van die tuislande nie voldoende sou wees om hierdie proses in Suid-Afrika te stuit nie. Sou hy nie toe al kon besef het dat die enigste wyse waarop afsonderlike ontwikkeling dalk sou kon slaag die ontwikkeling van 'n redelik klein deel van die land vir die blankes, saam met die kleurlinge, was nie? Daar is in die boek geen getuienis dat hy in hierdie rigting gedink het nie, behalwe miskien vir 'n toespraak waarna sy skoonseun, prof. Carel Boshoff verwys (p. 202). Verskeie van die skrywers is daarvan oortuig dat

Verwoerd pragmaties genoeg was om beleidsveranderinge te doen as omstandighede aangedui het dat dit nodig was. Sou dit voordelig vir die land gewees het as Verwoerd nie in 1966 gesterf en langer aan bewind gebly het soos verskeie van die bydraers meen? Dit is 'n saak waaroor net gespekuleer kan word.

Terwyl Verwoerd in die eerste dekades na sy dood deur baie Afrikaners as een van hul grootste politieke leiers vereer is, is daar tans 'n neiging, ook onder Afrikaners, om hom in besonder te vereenselwig met die apartheidsbeleid wat nou byna allerweë gesien word as 'n mislukte beleid wat uiteindelik meer probleme as oplossings gebied het en die lyding van baie mense tot gevolg gehad het. Die samesteller verklaar tereg dat die tyd tans nie geskik is vir 'n wetenskaplike werk waarin sy rol in die geskiedenis in perspektief gestel word nie (p. 7). Dit is tans wel duideik dat Verwoerd een van die belangrikste figure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was, en daarom kan verwag word dat daar nog heelwat oor hom geskryf sal word. Dit sal ongetwyfeld uiteindelik lei tot 'n beter begrip van sy betekenis as wat tans die geval is. Die HF Verwoerd Monumentfondstrust het meegewerk om die publikasie van die boek moontlik te maak, en hierdie bundel herinneringe kan gesien word as 'n poging om negatiewe sieninge oor hom teen te werk. Dit is tog ook 'n bydrae om 'n beter historiese perspektief op Verwoerd te verkry.

Protea Boekhuis moet gelukkigewens word met die keurig versorgde werk. Die tipografie en druk- en bindwerk is van hoë gehalte. Die boek bevat 'n aantal foto's en is voorsien van 'n nuttige bladwyser. In die geselekteerde biografiese lys wat op pp. 248-249 verskyn, is van die belangrikste werke uitgelaat, en 'n meer omvattende lys van publikasies sou van waarde kon gewees het vir diegene wat deur die lees van die boek gestimuleer word om 'n deegliker studie van bepaalde aspekte van Verwoerd se beleid en era te maak.

Pieter de Klerk

PU vir CHO